

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: "In gesprek met Job, weereens!"

Skriflesing: Job 1:1, 2:1-10

Broodjies vir die pad

laatwerk

wanneer dit laat word in die lewe
en die aandstér reeds teen die dalende dag
se skuinste bewe
soos 'n hartklop
is elke kwashaal vry
elke woord onbesonne los
van sin en sinne se dop
maar weet jy ook
dis 'n saamkrimp van syn
dat elke streep en stotter
nou eenmalige nalaatsel sal wees
op die lippe van stilte
jy nie meer terug sal kan keer
om dit wat nie klop
te naat en te soom
tot verstomming nie

wanneer dit laat word in die lewe
en voëls al die bome opsoek
op soek na die aandstér se vleis
droom jy 'n nag
op die lappe
van uitgelate gelatenheid

Breyten Breytenbach

There are three principles in a man's being and life, the principle of thought, the principle of speech, and the principle of action. The origin of all conflict between me and my fellow-men is that I do not say what I mean and I don't do what I say.

~ **Martin Buber (1878–1965)**

Martin Buber was a prominent twentieth century philosopher, religious thinker, political activist and educator. Born in Austria, he spent most of his life in Germany and Israel, writing in German and Hebrew. He is best known for his 1923 book, *Ich und Du (I and Thou)*, which distinguishes between "I-Thou" and "I-It" modes of existence. Often characterized as an existentialist philosopher, Buber rejected the label, contrasting his emphasis on the whole person and "dialogic" intersubjectivity with existentialist emphasis on "monologic"

self-consciousness. In his later essays, he defines man as the being who faces an "other" and constructs a world from the dual acts of distancing and relating. His writing challenges Kant, Hegel, Marx, Kierkegaard, Nietzsche, Dilthey, Simmel and Heidegger, and he influenced Emmanuel Lévinas.

Buber was also an important cultural Zionist who promoted Jewish cultural renewal through his study of Hasidic Judaism. He recorded and translated Hasidic legends and anecdotes, translated the Bible from Hebrew into German in collaboration with Franz Rosenzweig, and wrote numerous religious and Biblical studies. He advocated a bi-national Israeli-Palestinian state and argued for the renewal of society through decentralized, communitarian socialism. The leading Jewish adult education specialist in Germany in the 1930s, he developed a philosophy of education based on addressing the whole person through education of character, and directed the creation of Jewish education centers in Germany and teacher-training centers in Israel.

<http://www.iep.utm.edu/buber/>

Intuisie, stilte, reuse en die veewagter

Mohammad Karaan

My benadering tot leierskap kan in 20 beginsels opgesom word.

1. Deel die toekoms

'n Oop hand en ope stelsels dien 'n mens beter as selfsug en geslote stelsels. Die voordele van kennis en welvaart moet gedeel word om groei en positiwiteit te bevorder.

2. Soek die ander pad

Vooruitgang spruit nie uit konformasie met konvensie nie, maar eerder uit die soeke na die nuwe of ander pad. 'n Klein groepie van enige bevolking streef intuïtief na andersheid; leiers is deel van hulle.

3. Intuisie, dan logika

Logika kan misleidend wees. G.K Chesterton het gesê: Life is a trap for logicians. Leiers vertrou hul sogenaamde sesde sinuig, al is dit subjektief. Logika word beïnvloed deur ervaring en ander se manier van dink. Elke wese is verbind met 'n groter waarheid van waar ons afstam. 'n Mens kan leer om dit te vertrou.

4. Rig energie

Leiers besef die wêreld bestaan uit energie wat gerig word om 'n doelwit te bereik. Energie word geaktiveer wanneer mense geïnspireer word. Ware leiers beoefen dié kuns.

5. Swerm-intelligensie

Bye en voëls hou nie vergaderings nie. Leeus weet instinktief wat om te doen wanneer hulle jag. Elke dier ken sy rol. Dit is swerm-intelligensie. Leiers bou organisasies waar mense se instinkte en ingebore verstaan van elkeen se kritiese rol die taal, verstandhouding en werkwyse bepaal sonder hiërargie of instruksie.

6. Om om hoeke te kan sien

Leiers is mense wat die toekoms voor ander sien en lei mense soontoe.

7. Soek seën

Die uiteinde van gebeure kan nie met sekerheid vooraf bepaal word nie en elke aksie benodig 'n mate van geluk. Geluk is 'n vorm van seën, en seën word geskep deur mense se welwillendheid. Goeie leiers word omring deur mense wie se seën hulle omhul, beskerm en voed.

8. Reuse en dwergies

Leiers bou organisasies op die skouers van reuse en gaan voort om mense te betrek wat groter as hulself is. Wanneer jy mense aanstel wat groter is as jy, groei jy. Wanneer jy mense aanstel wat kleiner is as jy, kwyn jy.

9. Alle mense is dieselfde

Hoewel diversiteit 'n werklikheid is wat voordelig kan wees, besef leiers ook dat alle mense in wese dieselfde is, ongeag etnisiteit. Ware leiers kan dus in verskillende omstandighede lei, al is die groep met wie hulle werk anders as hulself.

10. Onsekerheid vs. Geloof

Leiers word nie deur onsekerheid beperk nie, maar tree op met die waagmoed van hul oortuiging en vaste geloof in 'n uiteinde wat hulle langer koersvas hou as waarvoor die meeste mense stamina het.

11. Luister na die stilte

Leiers kan eensaam wees omdat hulle geneig is om in hul eie wêreld te leef. Daardie wêreld word gevoed deur die stilte wat van binne spruit. Die stilte is vrede en die siel se kontak met die groter Waarheid, waar energie verkry word. Leiers weet hoe om hierdie stilte te benut.

12. Systap die dwase

Dwase kan jou van stryk bring en goeie energie vermors op onnutsigheid. Leiers los dwase op hul dwaalspoor. Leiers word wel deur kwaai mense gekonfronteer en weet dat mense wat kwaai is eintlik bedreig voel. Mense is ook diere en 'n dier wat bedreig word, is aggressief. Leiers hanteer aggressie deur die oorsprong van die bedreiging te verstaan en subtiel te hanteer.

13. Praat minder, luister meer

Leiers weet dat jy twee keer meer moet luister as praat. Die regte sêgoed op die regte tyd het 'n groter impak as baie sêgoed aanmekeer.

14. Loop sag op die aarde

Ware leiers loop sag op die aarde en verstaan dat hulle 'n klein deeltjie van 'n baie groter en magtiger geheel vorm. Hulle gee dus meer as wat hul neem.

15. Plaas jou altyd in ander se skoene

Groot leiers kan die wêreld deur ander se oë beskou.

16. Hoe verder jy terug kan kyk, hoe verder kan jy vorentoe kyk

Vandag word deur gister geskep, en môre deur vandag. Leiers besef dat die verlede 'n goeie maatstaf en riglyn is vir die toekoms is en bestee tyd om die verlede te ken en te verstaan.

17. Jou littekens word jou kentekens

Baie groot leiers moes sonder 'n ouer grootword. Baie suksesvolle mense vertel van swaarkry vroeg in hul lewe wat hulle later gehelp het om groot uitdagings te hanteer.

18. Vriende, helde en saamloop

Sukses word nie bepaal deur hoe slim en hardwerkend jy is nie. Dit moet gepaardgaan met die gehalte van mense deur wie jy omring word. Leiers kies dus goeie geselskap.

19. Die waarheid bevry

Die wese van goeie leierskap is die voortdurende strewena die waarheid, ongeag hoe moeilik dit ook al is.

20. Die veewagter se resep

Baie groot leiers was veewagters, want die drie groot lesse van leierskap word daar vasgelê. Eerstens, wanneer die veewagter soggens die trop na nuwe weiveld neem, lei hy deur voor te loop. Tweedens, wanneer hulle die weiveld bereik, hou hy heeldag 'n oog oor hulle deur goeie gedrag te prys en slegte gedrag te straf. Derdens, wanneer hulle saans terugkeer na die kraal, lei hy deur agter hulle te loop en hulle bymekaar te hou, want hulle ken hul bestemming.

Prof. Mohammad Karaan is dekaan van die fakulteit agriwetenskappe aan die Universiteit Stellenbosch.

<http://www.netwerk24.com/sake/entrepreneurs/2015-10-01-mohammad-karaan-intusie-stilte-reuse-en-die-veewagter>

Brood vir die pad

Juis omdat dinge juis nie altyd so juis is

Dirkie Smit

As kind het hy gedink soos 'n kind, skryf Paulus, gepraat soos 'n kind en geredeneer soos 'n kind, maar nou, volwasse, ontdek hy toenemend dat ons maar dofweg sien, soos deur 'n spieël in 'n raaisel, ten dele, gebrekkig, vág. Ons weet maar min, veel minder as wat ons vroeër gedink het in jeugdige voortvarendheid, in die misplaaste selfvertroue van hulle wat nog te min gesien het om te weet dat sake ook ánder kante het. Noudat hy ouer is besef hy dat ons minder seker is as wat ons dink, dat ons redenasies nie regtig die enigste manier is nie, dat ons praat ook ánders gehoor word as wat ons dit bedoel, misverstaan kan word, wonde kan laat waarvan ons nie eens weet nie, omdat ons woorde – én dade, én versuim – altyd méér sê en méér doen as wat ons ooit besef, met ons vae en dowwe selfkennis.

In sy meesleurende Not Exactly – In Praise of Vagueness maak die Aberdeense Kees van Deemter dié punt oortuigend. Hy skryf programme vir rekenaars wat stemme herken en omsit, en werk dus in die velde van logika, linguistiek, kunsmatige intelligensie en rekenaar-wetenskap. Met dié maak hy 'n eenvoudige punt. Hy besing die lof van vaagheid. Hy waarsku teen die gevare van “false clarity” en die versoekings wat ons dikwels laat glo dat ons helder dink, presies formuleer, rationeel redeneer, billik oordeel, konsekwent handel. Alles is veel vaer as wat ons vermoed, waarsku hy, ons sieninge meer ambivalent, ons oortuigings swakker begrond, ons reëls minder eenduidig, ons toepassings minder noodsaaklik, ons oordele minder redelik en geregverdig as wat ons – in oormoed – mag glo. Gegee sy teoretiese agtergronde is dié lof van vaagheid nie alleen verrassend nie, maar ook versoerend.

Sy eerste deel handel oor “vaagheid waar 'n mens dit nie sou verwag nie”. Daarin beskryf hy lewensterreine, velde en toepassings waar ons dalk eksaktheid, akkuraatheid en presisie sou vermoed – maar waar dit volgens hom glad nie die geval is nie. Sy voorbeelde kom nogal uit die wetenskappe – van spesies, en meting! Maar ons ken tog almal sulke terreine? Dink maar aan ouers met onbuigsame standpunte oor wat kinders mag of nie? Aan briefskrywers, wat verontwaardig vra wat met “identiteit” en “transformasie” bedoel word – juis die twee voorbeelde wat hy bespreek! – asof dié terme ooit heldere en vaste definisies kan hê? Aan liggames, beklee met mag, wat reëls toepas en só ander se lewe onherroeplik kan raak, wat soms maak asof slegs één uitleg moontlik is – terwyl dit inderwaarheid altyd gaan om onderskeiding, om oordeels-vermoë, die afweeg van waardes, dalk onderling in spanning en elkeen boonop vág?

G'n wonder Paulus skryf dié woorde in sy aangryp-ende hoofstuk oor die liefde. As ons sou dink dat ons alles presies wéét en alles so goed kén, maar sonder liefde, sou ons niks wees in dié wêreld van vaagheid en dowwe beelde nie, sê hy (1 Kor. 13). Want dié vaagheid vrá om liefde, om begrip, ruimte, respek, deernis. Hoe méér vaagheid, hoe méér liefde.

<http://www.netwerk24.com/stemme/sielsgoed/2015-09-19-djs-juis-omdat-dinge-juis-nie-altyd-so-juis-is>

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877